Om breuke van heelgetalle te bepaal*

Siyavula Uploaders

This work is produced by OpenStax-CNX and licensed under the
Creative Commons Attribution License 3.0†

1 WISKUNDE

2 Gewone Breuke en Desimale Breuke

3 Gewone Breuke

4 OPVOEDERS AFDELING

5 Memorandum

INLEIDING

Daar is 5 modules:

1. Getalbegrip, Optelling en Aftrekking
2. Vermenigvuldiging en Deling
3. Breuke en Desimale Breuke
4. Meting en Tyd
5. Meetkunde; Datahantering en Waarskynlikheid

4 Dit is belangrik dat opvoeders die modules in volgorde (soos hierbo genoem) sal doen, aangesien die leerders die vorige module se kennis en vaardighede benodig vir die daaropvolgende module.

3. GEWONE EN DESIMALE BREUKE (LU 1; 2 EN 5)

LEEREENHEID 1 FOKUS OP GEWONE BREUKE

- Hierdie module is ‘n voortsetting van die werk wat in graad 5 gedoen is. Daar word uitgebrei op die optelling en aftrekking van breuke, en die berekening van ‘n breuk van ‘n sekere hoeveelheid word ook hersien.
- Maak seker dat die leerders die korrekte terminologie bemeester het, asook die korrekte strategieë om bogenoemde korrek te bereken.
- Kritieke Uitkoms 5 (Effektiewe kommunikasie deur visuele, simboliese, en/of taalvaardighede op verskillende maniere te gebruik) is hier van toepassing.
- 3 weke behoort voldoende te wees om hierdie module te voltooi.
- ** Aktiwiteit 17 is ‘n taak vir die portefeulje. Hoewel dit ‘n baie eenvoudige opdrag is, moet leerders in staat wees om dit netjies en akkuraat uit te voer. Leerders moet voor die tyd weet hoe opvoeders die taak gaan assesseer.

*Version 1.1: Jul 30, 2009 6:21 am -0500

†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

LEEREENHEID 2 FOKUS OP DESIMALE BREUKE

- Hierdie module is ‘n uitbreiding op werk wat in graad 5 afgehandel is. Leerders moet nou in staat wees om desimale breuke korrek af te rond tot die naaste tiende, honderdste en duisendste. Beklemtoon weer die korrekte metode om op te tel en af te trek (vertikaal). Gee ook baie aandag aan die vermenigvuldiging en deling van desimale breuke.
- Aangesien leerders laasgenoemde nogal moeiliker vind, kan 3 - 4 weke aan dié module spandeer word.
- ** Aktiwiteit 19 is ‘n taak vir die portefeulje. Die opdrag is baie eenvoudig, maar leerders moet in staat wees om dit netjies en akkuraat uit te voer. Leerders moet voor die tyd weet hoe opvoeders die taak gaan assesseer.

6 LEERDERS AFDELING

7 Inhoud

7.1 AKTIWITEIT: Om breuke van heelgetalle te bepaal [LU 1.8.6]

1. KOPKRAPPERS!
   1.1 Kleur $\frac{3}{4}$ van die volgende figuur netjies in:



Figure 1

   1.2 Hoekom kan jy nie $\frac{3}{2}$ van die figuur inkleur nie?
   2. Gee die korrekte antwoord:

- Watter breuk van 60c is 15c ?
- Watter breuk is R1,20 van R5,00?
- Watter breuk van R10 is R4,50?
- Watter breuk is R17,50 van R45?

3. Verdeel die figuur soos volg met verskillende kleure:
   3.1 Twee ewe groot dele (blou)
   3.2 Drie ewe groot dele (groen)
   3.3 Vier ewe groot dele (pers)
   3.4 Ses ewe groot dele (oranje)



Figure 2

7.1.1 TYD VIR SELFASSESSERING

Kleur die gesiggie in wat waar is van jou:

KRITERIA				
Ek het verbeter in my tweede hoofrekentoets. (LU 1.9)				
Ek kan breuke van gegewe hoeveelhede bereken. (LU 1.8)				
Die kopkrappers was vir my maklik. (LU 1.8)				

Figure 3

8

9 Assessering

Leeruitkomste 1: Die leerder is in staat om getalle en die verwantskappe daarvan te herken, te beskryf en voor te stel, en om tydens probleemoplossing bevoeg en met selfvertroue te tel, te skat, te bereken en te kontroleer.

Assesseringstandaard 1.8: skat en bereken deur geskikte bewerkings vir die oplossing van probleme in verband met die volgende te kies en te gebruik:

1.8.6 bepaling van breuke van heelgetalle.